

Dinsdag 22 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 5

Fokusgedeelte: Openbaring 5:6

Die skepsele in die hemel is ook almal onderdanig aan die Lam

Kyk wat gebeur in die hemel. Jesus is nie net waardig en magtig genoeg
Kom nou die boekrol van God se raadsplan oop te maak nie, Hy ontvang ook alle aanbidding in die hemel.

Eerste kniel die vier lewende wesens en die 24 ouderlinge met hulle siters en goue bakke vol wierook voor Hom neer en sing 'n nuwe lied. Daarna is daar miljoene der miljoene engele wat meteens in 'n magtige praatkoor die mag, rykdom, wysheid en sterkte, die eer, heerlikheid en lof aan Hom gee.

Toe word die koor van stemme nog groter, want die hele skepping, alles in die hemel en op die aarde en onder die aarde en op die see, ja alles en almal saam sê: Aan Hom wat sit op die troon, behoort die lof en eer en heerlikheid en krag tot in alle ewigheid. Daarna sê net die vier lewende wesens: Amen! Dis waaragtig! Intussen het die ouderlinge al weer opgestaan toe hulle saam met alles God geloof het. Nou kniel die ouderlinge weer en aanbid God.

Johannes het dus die grootste en magtigste eerbetoon aan Jesus Christus gesien wat ooit deur 'n mens gesien is terwyl hy nog op die aarde gelewe het. Hierdie Jesus, wat as Lam geslag is en as Leeu oorwin het, is die Here van hierdie erediens. Hy wil hê dat ons Hom moet aanbid as Lam van God wat vir ons geslag is - soos dit hier staan. Toe het Hy al die straf wat ons toekom oor ons sondes voor God gedra.

Nou is alles wat ons van God geskei het, weggeneem. In sy Goddelike almag verseker Hy ons dat Hy by ons bly tot in ewigheid.

Sing: Skrifberyming 4-4:4

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)